Tree onoorwonne uit die stryd

JA MALHERBE RUGBY: *Die Bulletjie-rugbyspan van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn is het onoorwonne uit die stryd getree tydens 'n rugbydag wat onlangs op Bethlehem gehou is. Hulle het al hulle wedstryde teen Harrismith, Truida Kestell en Jordania Laerskool gewen. Van links agter is: JJ Swart, Franco Sieberhagen, Danie J van Rensburg, Ofentse Mlangenie, Naude van Jaarsveldt en Kgape Snyman. Voor: Lukas Meyer, AJ Flemming, Riley Strydom, Roux-Ryk van der Merwe, Tsego Tshabalala en Reabetswe Mokoena.*

1					4		3	
			3			9	8	4
9			6				7	
					9	7	5	
		6				8		
	1	7	2					
	5				6			2
6	7	9			3			
	4		5					7

SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.



Boogskiet

Tersie van Jaarsveldt, 'n leerder van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn neem deel aan die "Free State Field Championship" in boogskiet die afgelope naweek. Sy skiet in die klas "Club Female Freestyle Unlimited" (10- 13 jaar) en behaal 'n eerste plek.

SPERTYD VIR VRYDAE SE HERALD ARTIKELS & ADVERTENSIES IS WOENSDAE OM 10:00

Slaan 'n "vuishou" met puik rugby

Kobus Hattingh se rugby loopbaan het begin in die groen en geel trui van Hoërskool Wilgerivier (graad 1).

Hy het die afgelope sewe jaar vir verskeie Griffonsspanne uitgedraf : o/12; o/13; o/16 en o/17.

Aan die einde van 2017 word Kobus ingesluit in die o/17-S.A. 7's oefengroep wat aan 'n oefenkamp en Internasionale 7's-toernooi in Stellenbosch deelgeneem het. Hy tree ook op as onderkaptein van die o/18-Stedelike Akademiespan.

Die afgelope week is hy ingesluit in die o/18-S.A. 7's Rugbyspan wat gaan deelneem aan 'n Internasionale Toernooi in Namibië, as voorbereiding vir die Afrika Jeugspele, waar kwalifisering plaasvind vir die Olimpiese Jeugspele.

Kobus is die enigste speler uit die hele Griffonsstreek wat gekies is vir hierdie o/18-S.A. 7's Rugbyspan en Hoërskool Wilgerivier is breëbors trots op hierdie puik prestasie!

Kobus beweeg nou op 'n terrein waar hy met sy skerp rugbytalent daarin kan slaag om op die hoogste vlak sy besonderse talente ten toon te stel en te bewys dat hy op en van die veld 'n speler en leier by uitnemendheid is.

Met die kenmerkende veggees van die Wilgies, bewys Kobus weereens dat top prestasies bereik kan word met die nodige talent, afrigting en ondersteuning van 'n klein, plattelandse gemeenskap.

Suid-Afrika kan hierdie jong man se rugbytoekoms met groot verwagting en belangstelling dophou - entoesiasme, ywer en toewyding is deel van sy leefwyse. Topprestasies is binne sy bereik, want hy is 'n speler sonder gelyke!

Verteenwoordigende Raad van Leerders

Die graad 8 tot 11 leerders van Hoërskool Reitz, wat vir 2018 gaan dien op die skool se VRL is onlangs verkies. Hulle is van links voor: Luan Strauss (Graad 8), Elandri Naude (Graad 8) en Henco Swanepoel (Graad 9). Agter van links: Armand Fivaz (Graad 10), Linelle Oberholzer (Graad 10), Bruwer Potgieter (Graad 11), Carlize de Bruyn (Graad 9) en Cahrisla de Bruyn (Graad 11).